
# INSIG

September 1989 R4 00 plus AVB

## So het Afrikaner se politieke denke verander:

# Ons en Afrika



• Verkiesing: voorspel self uitslag met sakrekenaar • Stryd om Mandela in swart gemeenskap • Chris Barnard en Jeanette Ferreira oor skrywers se ANC-beraad • 'Snorkolektomie' sny mans se snorkery uit • Afrika beïnvloed klassieke musiek

9 771011 080008

McH91-87-4-7




**KOMMENTAAR – 6**

**BRIEWE – 6,7,8**

**POLITIEKE INSIG**

**9.** *'Teeparty' lê klem op nuwe dimensies* deur **Karin Brynard**

**10.** *Verby apartheid se seer en terug* deur **Piet Muller**

**14.** *Verkiesing vloeibaarste in dekades* deur **Karin Brynard**

**17.** *Invloed van TV-debatte* deur **Pieter Fourie**

**18.** *Maak só pret met syfers op 6 September* deur **Harry Laurie**

**19.** *Pres. Botha se siekte en die gevolge Ampte met bitterheid neergelê*

**GESKIEDENIS**

**20.** *Die oorlog in die verre wat Suid-Afrika sou verander* deur **André Wessels**

**TEOLOGIE**

**22.** *Apartheid het SA in súlke geselskap laat beland* deur **Adrio König**

**BUITELAND**

**23.** *SA as paria het sy voordele in Amerika* deur **Donald deKieffer**

**24.** *Rampe en ellende in Rusland* deur **Leopold Scholtz**

**26.** *Maggie loop maar lig vir Elizabeth* deur **Judy Olivier**

**WATERVALBERAAD**

**28.** *Twee skrywers stel hul standpunt: Kamerade aan boord deur hek drie* deur **Jeanette Ferreira**

**29.** *Nadat 'n mens kultuurboikotte afgeraai het: wat bly dan oor?* deur **Chris Barnard**

**OORSIG**

*Oor die kunste, teater, musiek en letterkunde*


**30.** *Le Carré sê lente lê vir spioene voor* deur **Hans Pienaar**

**31.** *Twee swart aanbiedinge baie geslaag* deur **Paul Boekkooi**

**32.** *Steven Cohen leen vir ons sy oog* deur **Pieter Swanepoel**




**Was Pres. P.W. Botha se beroerte veel ernstiger as wat vermoed is ? – bl. 19**



**Jeanette Ferreira stel haar standpunt oor die Watervalberaad op bl. 28**

**'n Indeks van artikels wat in *Insig* verskyn het tussen Augustus 1987 en Augustus 1988 verskyn in hierdie uitgawe – sien middelblad.**


**33.** *Gregoire bly steeds getrou aan sy sterkpunte* deur **Frieda Harmsen**

**34.** *John Ogdon simbool van Britse trots* deur **Thys Odendaal**

**35.** *Afrika bekruip konsertsale* deur **Paul Boekkooi**

**36.** *Koninklike koloratuur* deur **Paul Boekkooi**

**BOEKE**

**37.** *Kroonprins van Tagtig en veilig genoeg vir pryse* deur **Riana Botha**

**38.** *Skrywers van Afrika: Rive: Soms sal ek lag en soms sal ek huil, maar altyd sal ek beskuldig* deur **George Weideman**

**40.** *In en op sig: Dis nou Don Quichote en die woestyn Klippe of dolosse* deur **A.W. Steenkamp**

**43.** *Hondestories wat 'n mens kan snap . . .* deur **Barend Toerien**

**DAGBOEK**

**44.** *Chook-chook off to Hallelujah Boulevard* deur **Cas van Rensburg**

**OMGEWING**

**45.** *Cousteau se voogdyskap* deur **Anne Underwood**

**GEDAGTEGOED**

**46.** *Só kry SA nuwe beleid vir kultuur* deur **Francois Bredenkamp**

**47.** *Machiavelli*

**WETENSKAP EN TEGNOLOGIE**

**48.** *Temperatuur styg twee keer vinniger . . .*

**49.** *Snorkolektomie red bedmaats van 'heroïese gesnork'* deur **Willem Botha**

**BRIEF UIT EUROPA**

**50.** *Saam met Oom Paul in 'n ballon die lug in* deur **Roy MacNab**

**OPSTEL**

**51.** *As die movies in jou kop kom sit* deur **Braam Kruger**

**WYN**

**52.** *Wag gerus vir dié Chardonnay* deur **Andrew Marais**

**UITSIG**

**54.** *Kadriele, knieknikke en knuppels* deur **Joan Hambidge**



**INSIG**

**Redakteur:** Dr. Piet Muller
**Eindredakteur:** Cas van Rensburg
**Kunsredakteur:** Paul Boekkooi
**Artikelredakteur:** Karin Brynard
**Boekeredakteur:** Prof. George Weideman
**Redaksionele assistent:** Annemarie Malan
**Voorblad:** William Steyn
**Samesteller:** Petro de Klerck
**Sindikasie:** June Botha en Judy Olivier (Londen)

**Spesiale medewerkers aan hierdie uitgawe:** Chris Barnard, Riana Botha, Willem Botha, Francois Bredenkamp, Donald deKieffer, dr. Jeanette Ferreira, prof. Pieter Fourie, prof. Ockie Geyser, prof. Joan Hambidge, Frieda Harmsen, prof. Adrio König, Braam Kruger, Harry Laurie, Roy MacNab, Andrew Marais, dr. Willem Nicol, Thys Odendaal, Judy Olivier, Hans Pienaar, dr. Leopold Scholtz, A.W. Steenkamp, Pieter Swanepoel, Barend Toerien, Anne Underwood, Morkel van Tonder, dr. André Wessels.
**Adjunk-Besturende Direkteur (Nasionale Media Bpk.):** Gideon Engelbrecht
**Bestuurder, Bemarking en Promosies:** Manie Steyn
**Advertensies:** Nico Luwes, John Fourie (Kaapstad)
**Finansiële Konsultant:** George Theron

**Johannesburg:** 1ste Verdieping, Morkelgebou, Voorhoutstraat 31, Doornfontein. Posadres: *Insig*, Posbus 53171, Troyeville 2139. Tel. (011) 402-1460. Faks no. 404-1701.
**Pretoria:** Forumgebou, Strubenstraat 159. Posadres: *Insig*, Posbus 1446, Pretoria 0001. Tel. (012) 325-2878.
**Eienaar en uitgewer:** Insig, 'n Afdeling van Nasionale Media Beperk, Voorhoutstraat 31, Doornfontein. Reg. No. 05/38385/06.
**Intekengeld:** Suid-Afrika en Suidwes-Afrika, R40 per jaar. Buiteland, R45,28 per jaar.
**Intekenare:** A den Haan. Tel. (011) 402-1460 x 353/413.
**Verspreiding:** Nasionale Nuusdistribueerders, Voorhoutstraat 33, Doornfontein. Tel. (011) 402-1460.
**Drukkers:** Nasionale Boekdrukkery, Goodwood.

**Kopiereg 1989. Alle regte voorbehou.**

*Die Watervalberaad tussen skrywers en die ANC het heelwat polemiek in Suid-Afrika veroorsaak. Twee mense stel hieroor hul standpunt, **Chris Barnard**, 'n voormalige voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde, en **Jeanette Ferreira**, die huidige voorsitter, wat ook die beraad bygewoon het.*

# Kamerade aan boord deur hek drie

Met die vertrek uit Zimbabwe was daar 'n moeilik hoorbare aankondiging op die lughawe: "Comrades in the struggle can now board through gate three."

Die beraadgangers sou hierdie stukkie bemoediging nodig hê. Terug in Suid-Afrika het die volle lading van briewe en berigte in die pers hulle getref. Die toon het gewissel: sarkasme, meewarigheid, woede. Die aanvalle was nie só nuut nie: die beraadgangers sou naamlik swaar gebuk gaan onder hul naïwiteit, 'n "sterre-in-die-oë"-mentaliteit, onkunde, emosionaliteit, dislojaliteit, ondankbaarheid en politieke agentspel.

Dit is nie so moeilik om op al hierdie verwyte te reageer nie. Veral nie omdat soveel van hierdie aanvallers self hierdie insiggebreke toon nie. 'n Kommentaar-joernalis het byvoorbeeld bespiegel of die voorsitter van die Afrikaanse Skrywersgilde met haar uitlatings bedoel die Afrikaanse Skrywersgilde moet met die Breë Demokratiese Beweging identifiseer sodat die "ANC, die UDF en Cosatu in een baadjie" geknoop kan word. Dit wil dan voorkom of die kommentaarskrywer nie daarvan bewus is, of nie wil wees nie, dat die ANC en die BDB twee aparte bewegings is wat elkeen sy eie strategieë uitgewerk het om gemeenskaplike doelstellings te bereik en dat die BDB hoofsaaklik van die ANC daarin verskil dat hulle niegewelddadig stry – al is die versoeking tot gewelddadigheid sekerlik groot onder minister Adriaan Vlok se volgehoue aanmoediging.

Dit is ook moeilik aanvaarbaar dat die beraadgangers se gewraakte persverklaring die resultaat van naïwiteit, ster-ogigheid en onkunde is. Inteendeel. Die doel en effek van die beraad was juis die wedersydse uitruil van inligting, om vrae tè vra en te beantwoord en om standpunte te stel. Trouens, dit is waarskynlik die eerstehandse inligting wat hier verskaf is, wat aan die gesamentlike persverklaring sy besondere waarde verleen en wat dit so bedreigend vir sommige mense maak.

Redelik intelligente mense wat openlik en breedvoerig ingelig word, en wat openlik en breedvoerig vrae kan vra, het nou eenmaal die nuk om hierdie inligting te verwerk. En as hierdie inligting tuis van Regeringskant verdraai word om dit minder redelik te laat lyk, en van demokratiseringsorganisasies se kant soms geheel en al weerhou word uit vrees vir intimidasie, waar is die "vryheid" van skrywers wat hulle sou verkoop het en wat nou so deur die ontstoke meningsvormers betreur word?

**deur JEANETTE FERREIRA**

En as skrywers hulle nie met die politiek moet bemoei nie, hoe nou as die politiek hom met die skrywers bemoei? Dit is tog duidelik dat sensuur maar net 'n simptoom van die totale politieke siektebeeld hier is. Dit gaan nie net oor boeke wat deur die wet verbied word nie. Aangesien die ANC 'n verbode organisasie is, was dit nie vir alle skrywers moontlik om met hulle in gesprek te tree oor die kulturele boikot nie. Dit moes buite die landsgrense gebeur.

Skrywers mag dus nie eerstehands kennis neem van 'n saak wat hulle ten diepste raak nie. Hulle is aangewys op die gefragmenteerde inligting komende van hul kollegas wat die Waterval-beraad bygewoon het en wel eerstehandse inligting gehad het (en wat dit teenswoordig hot van agter het). Hulle is egter veral aangewys op die interpretasie van die Regeringsgesinde pers wat op hulle beurt weer tweedehandse insae in die dokument gehad het. Dis maar 'n droewige toneel. Apart maak apart maak apart.

Maar goed, die ontstelde reaksie is nie heeltemal onverstaanbaar nie. Die gesamentlike persverklaring het kritiese aangeleenthede in 'n hoogs gespanne en verdeelde samelewing aangespreek. Dit was immers die doel van die sending.

Die ANC se kulturele boikot wat deur die beraadgangers verwelkom is, is seker die mees omstrede aspek van die persverklaring. Maar 'n aspek van die kulturele boikot wat besonder min aandag van die kritici geniet het, of nie begryp is nie, is die feit dat dit nie net *uitsluit* nie, maar ook *versterk*. Die argument dat skrywers met hul verwelkoming hiervan een vorm van sensuur vir 'n ander verruil het, is dankbaar verder gevoer deur radelose maar leierlose ontstokenes.

Twee belangrike onderskeidings tussen die SA sensuurstelsel en die ANC se kulturele boikot is egter die volgende:

- Die sensuurstelsel bewaak die reeds gevestigde apartheidskultuur van 'n minderheidsgroep; en
- dwing dit deur die wet af.

Die kulturele boikot daarenteen

- versterk deur die uitsluiting van apartheids- en minderheidskultuur-produkte die meerderheidskultuur van Suid-Afrika; en
- kan dit nie in SA deur die wet afdwing nie, maar beroep hom op diegene wat dit uit oortuiging en deur kollektiewe optrede laat manifesteer.

Dis voorts gerusstellend om te weet dat die besluitnemers 'n aansienlik groter groep Suid-Afrikaners sal verteenwoordig as wat die geval is met die sensuurstelsel (waarmee die kulturele boikot so vereenvoudigend vergelyk word). Die doelstellings van die boikot is immers die versterking van 'n opkomende meerderheidskultuur en nie die angsvallige bewaking van 'n minderheidskultuur nie. Die vooruitsig lyk dus goed dat die doel bereik sal word. Namate die opkomende Suid-Afrikaanse kultuur deur die kulturele boikot gevestig raak, sal die middel waarskynlik deur die doel verdring raak. Sodoende sal die "uitgeworpenes" waarvoor A.P. Grové vrees inderdaad so doeltreffend geïsoleer raak dat dit die moeilike taak van die besluitnemers toenemend sal vergemaklik.

Die skrywers en ander kulturele verteenwoordigers van die Watervalberaad het nietemin 'n besondere verantwoordelikheid op hulle geneem deur die gesamentlike persverklaring. As dit normaal, en nie heroïes is nie, om apartheid te beveg soos Breyten gesê het, is dit ook waar dat "normaal-wees" nie bloot 'n passiewe selfgenoegsaamheid met jou eie normale oortuigings impliseer nie.

'n Mens aanvaar dat die mense wat deur Idasa na hierdie beraad genooi is, deur hul kreatiewe en kritiese werk reeds betekenisvolle aanduidings van hul demokratiese strewe gegee het. Maar daar is 'n onderskeid tussen die arbeid wat die myner onder in die myn verrig, en dit wat hy doen binne die organisasies wat sy belange verteenwoordig. So is daar sekerlik ook onderskeid tussen die arbeid wat die skrywer by sy lessenaar verrig en dit wat hy/sy binne toepaslike organisasies doen. Elkeen wat hierdie verklaring help uitreik het, het 'n verantwoordelikheid om aktief binne organisasies te help meewerk aan nie-rassige, demokratiese Suid-Afrika. Daarom meld die persverklaring dat "alle skrywers teen apartheid aangemoedig (behoort te word) om aktief deel te neem aan demokratiese, kulturele en ander organisasies wat hulle tot die vernietiging van apartheid verbind het".

Die goeie nuus vir beswaardes is dat dit hoogs "toelaatbaar" is om ook oor die liefde, dood, persoonlike smart en vreugde, ensomeer te skryf. Om hierdie dinge te ervaar, is immers deel van enige demokrasie (en dis so kóél, het iemand gesê). Selfs 'n digter wat bekend is vir sy politieke verklarings het daar verlig die sweet van sy voorkop afgevee toe liefdespoësie toelaatbaar blyk te wees. 'n Mens kan met redelike sekerheid aanvaar dat liefde en dood, persoonlike droefheid en vreugde in 'n nuwe Suid-Afrika sal voortgaan. Bevry-

➡

➡ dende wete. 'n Verenigde maar seniele volk wat weier om te sterf of voort te plant, is immers hoogs onprogressief. (En dis vreeslik ón-koel.)

Maar dis te verwagte dat daar in 'n samelewing met soveel konflik en verskeurdheid meer gekonsentreer sal word op literatuur wat primêr handel met kritieke sake wat bedreig word deur 'n apartheidskultuur. Dis bowenal nie nodig om honger en kwaad te wees om deel te hê aan die omvorming van 'n oneffektiewe sisteem nie. Ingeligtheid, 'n sin vir regverdigheid, 'n begeerte na vrede en 'n bereidwilligheid om kragte saam te span, is die belangrikste vereistes.

Vyf-en-veertig van die Suid-Afrikaners wat die Waterval-beraad bygewoon het om met landgenote te praat oor één Suid-Afrika kon in die bus klim om huis toe te gaan. Die ander moes, weer eens, agterbly. Daarom is dit seker begryplik dat mense op die Makasa Sun se trappe gestaan en huil het. Dat mense mekaar omhels het en laaste boodskappe uitgedeel het. Dat Baleka Kgotsisile met haar wonderlike stem voorgesing het aan die vryheidsliedere. gemaak en gesing. Daar is getoyi-toyi,en tot laatnag erg voorstedelik gedans. In 'n land wat so wyd en so droef is, is daar onder die hoë suidersterre sekerlik ook ruimte vir Willy Kgotsisile se "laughing revolutionaries".

Die kwaai gees wat onder die Waterval woon, sal onverbiddelik sy offer eis. Maar soos alle geeste is daardie gees ook baie oud en eis hy al baie geslagte. Dalk dra hierdie geslag daartoe by dat die geeste sal rus? "We are here a short time," het Athol Fugard geskryf. "At the end of that short time all we have is the dignity that comes from courage and truth."

# Nadat 'n mens kultuurboikotte afgeraai het: wat bly dan oor?

**deur CHRIS BARNARD**

Of daar met die ANC 'n gesprek aangeknoop moet word of nie, is vir 'n steeds groeiende getal denkende Suid-Afrikaners nie meer 'n kwelvraag nie. Die keuse is tog baie eenvoudig: dis of dialoog of dis geweld. 'n Mens kan nie albei verdoem nie. Daarom sou ek graag wou by gewees het toe 'n groep Afrikaanse skrywers onlangs met 'n ANC-afvaardiging gaan samesprekinge voer het. Ek dink enige intelligente mens word later 'n bietjie moeg om vir jou inligting oor so 'n belangrike politieke organisasie se motiewe en ideale afhanklik te wees van die oordele en uitsprake van ministers met hoedens op.

Propaganda bly propaganda, of dit van die kant van die ANC kom of van regeringskant. Dit het tyd geword dat ons na albei kante van die saak luister. Hoe groot ons afkeer van geweld ook al is – daardie geweld val nie uit die blou lug uit nie. En ons gaan nie daardie geweld stop deur ons ore toe te druk nie. As jy nog boonop skrywer is, scriba van jou tyd, notulehouer van die durende gesprek tussen mense, het jy seker nog meer rede om jou oor teen die grond te hou.

Ek sien Dot Serfontein het uit die Skrywersgilde bedank oor die gepratery by Victoria, maar so ver ek weet was dit nie 'n Gildeberaad nie. Goed helfte van dié wat soontoe genooi is, is nie Gildelede nie en goed 90 persent van die Gildelede is nie genooi nie.

Laat dit wees soos dit wil. Die gilde het hom op verlede jaar se beraad uitgespreek ten gunste van die beginsel van 'n nierassige demokrasie, net soos wat hy die vorige jaar op Gordonsbaai na aanleiding van die Dakar-gesprek steun toegesê het aan die beginsel van dialoog.

Die voorsteller van die Dakar-mosie op Gordonsbaai was Jan Rabie. Een van die sekondante, as ek reg onthou, was Elsa Joubert – albei skrywers wat nie net met die geskrewe woord nie, maar ook met dade al jare lank 'n stryd voer teen apartheid. Maar nie een van die twee was by die Victoriaberaad nie.

Dit laat 'n mens wonder: wie het (en op grond waarvan is) die gastelys opgestel? Ek kan aan bitter min Afrikaanse skrywers dink wat sou verkies om nie eerstehands kennis te neem van die ANC se standpunte nie. 'n Mens moet werklik ongeneeslik naïef wees om vandag nog te sê dat ons onder die meedoënlose maatreëls van 'n noodtoestand uit koerante en ander inligtingstukke 'n volledige en objektiewe beeld kan vorm van hoe die ANC presies dink. Iemand wat so sê is nie bloot naïef nie – so iemand het miskien 'n groter probleem: so iemand dink deur oningelig te bly kan hy die *status quo* handhaaf.

'n Suid-Afrikaanse skrywer wat vandag sê hy wil nie met sy eie ore hoor wat die ANC te sê het nie, kan vergeet dat enigiemand sý weergawe van die Suid-Afrikaanse werklikheid ernstig sal bejeën. Want hy het homself by voorbaat gediskwalifiseer as objektiewe getuie. Hy het selfs die wil om 'n soort objektiwiteit te bereik daarmee verloën.

Goed. So iemand het nie probleme met so 'n beraad nie. Hy keur dit gewoon af en basta.

Onder die res wat teen wil en dank tuisgebly het, kon ek nog niemand teenkom wat heeltemal vrede het met die beraad se boikot-besluit nie. Om te sê dis 'n selektiewe boikot is goed en wel. Maar iewers langs die pad moet 'n mens jou seker 'n paar beginselvrae afvra.

Soos:

- Heilig die doel (ooit/soms) die middel?
- Vorder 'n samelewing as hy die een soort diskriminasie vervang met 'n ander een?
- Is sensuur soms sensuur en soms weer nie sensuur nie?
- Oortuig jy mense van jou opregte geloof in meningsvryheid as jy hulle verplig om 'n bepaalde siening te onderskryf?
- Het Suid-Afrika onder dwangmaatreëls bankrot geboer of nie?
- Hoekom juis 'n akademiese en kultuurboikot? Is dit dan nie juis dié twee gebiede in ons samelewing waar die hewigste teenkanting teen die bestaande orde vandag ondervind word nie? Is dit in die beste belang van 'n boom dat jy die ou takke met rus laat en die jong groeipunte kortwiek?

Iemand mag sê dit het te laat geword vir sulke vrae. Maar aanvaar ons dit, dan moet ons aanvaar dis hoeka te laat vir enige sinvolle dialoog. Hoekom dan nog hoegenaamd beraad hou?

En wat bly dan oor?

Het 'n mens klaar jou bedenkinge oor boikot-aksies uitgespreek, dan bly daar nog 'n belangrike vraag oor: watter alternatiewe kan ons voorstel?

As geweld onaanvaarbaar is, as sanksies afgeraai word, as selektiewe boikotte bedenkinge uitlok – wat dan?

Die filosofie van wag en sien het vir die land se miljoene stemloses oor baie dekades heen nie veel opgelewer nie. Nog langer wag en dan sien? As die Nasionale Party se hervormingsbeleid sy pas van temin-te-laat volhou, as byna 'n derde van die land se (blanke) kiesers ten spyte daarvan 'n anachronistiese KP-beleid steun, as blote gesprek met die ANC vir party mense nog so onaanvaarbaar is dat hulle uit vakliggame bedank – watter soort verset bly daar vir die stemloses oor?

Dit is te veel gevra om te verwag dat die ANC onder sulke omstandighede van 'n beleid van geweld sal afsien.

Iemand wat in hierdie stadium nog vashou aan die gedagte van verset-solank-ditlojaal-is laat 'n mens wonder of ons nie al lankal weer terug is in Babel nie. Praat ons nog hoegenaamd dieselfde taal? Uit watter raamwerk uit praat jy as jy vandag praat van lojale verset? Van wie se lojaliteit praat ons – en lojaliteit teenoor wat? Hoe lyk hierdie lojaliteit vir 'n inwoner van Soweto?

Het dit nie oplaas tyd geword, hier teen die laatkant van 1989, dat ons in 'n taal begin praat wat almal kan verstaan nie? Wanneeer gaan ons begin werk met begrippe waarmee almal in die land kan identifiseer?

Wanneer gaan ons ophou om van "ons" te praat asof daar net een ons in 'n pond is? Wanneer gaan ons ophou om ingewikkelde gesprekke oor gapende afgronde heen te voer met 'n woordeskat wat eksklusief eie is aan 'n eksklusief blanke Afrikanerverlede? Wanneer gaan ons ophou aanvaar dat solank jy Afrikaans praat jy praat in terme

**Vervolg op bl. 44**

*A Party member lives from birth to death under the eye of the Thought Police. A Party member is required to have not only the right opinions, but the right instincts.*
– George Orwell, *1984*.

*Peredelkino is the Soviet writers' village. They get dachas there for as long as they behave themselves.*
– John le Carré, *The Russia House.*

Dagboek

# Chook-chook off to Hallelujah Boulevard

deur CAS VAN RENSBURG

Dat die skrywers en letterkundiges onlangs by die Waterval saam met die ANC gaan siele was het, is goed. Maar dit het 'n mens in heelparty briewe en verklarings daarná effens verward gelaat.

Vir eers was daar sterk sprake van 'n kultuurboikot wat sou geld vir almal wat nie in die openbaar *mea culpa* sê nie of weier om Marxistiese teorieë in hul departemente te doseer. En dit het alte baie na "thought police" geklink,

Maar nou sê sommige van die skrywers: Nee, hulle had g'n kultuurboikot bepleit of uitgevaardig ingevolge waarvan jy 'n "dacha" kry as jy jou gedra nie. Hulle het slegs die sogenaamde "position paper" van die ANC gesteun en maak nou eintlik die pad oop pleks van toe.

Só sal die Nasionale Pers byvoorbeeld nié in hierdie stadium geboikot word nie. "Daar is besluit," sê Antjie Krog in 'n telefoongesprek aan my, "dat die forum wat deur die Nasionale Pers geskep is, benut moet word." Ook word verneem dat hierdie skrywers voortaan ook die Afrikaanse Skrywersgilde gaan probeer beset nadat hulle aanvanklik sterk teen hierdie organisasie gepraat het.

Maar die gedagte van 'n soort van "thought police" wil nie heeltemal besweer word nie.

Dit was so interessant, byvoorbeeld, nou die aand by die opening van Jean Genet se *The Blacks* in Windybrow toe prof. Gerrit Olivier in 'n onbewaakte oomblik van 'n skrywer gesê het: "Maar hy is deur André goedgekeur." Bedoelende hiermee dat prof. André P. Brink die betrokke skrywer goedgekeur het om die beraad by die Victoria-Waterval by te woon.

Dit sê eintlik al baie. Veral as 'n mens inligting het oor skrywers wat nie goedgekeur is nie, en hoekom hulle nie goedgekeur is nie.

Die kern van die saak is egter dat daar mense is wat dink hulle kan goed- of afkeur. "Thought police".

Die saak gaan verder. Unisa het onlangs twee van die wêreld se voorste taalkundiges genooi om hier te kom lesings gee. Toe 'n professor, een van die goedgekeurdes, hiervan hoor, het hy aan hulle geskryf en gesê hulle sou die saak van die skrywers oneindig skade doen deur te kom. Die professor, terloops, se kennis van die taalkunde is beperk en die ironie is dat sy studente wel goed onderleg is in Marxistiese teorieë (effens verouderd, maar tog), terwyl hulle, na verneem word, skaars 'n gedig ordentlik kan ontleed.

In der waarheid het die ANC, hoe swaar dit ook al vir baie gaan wees om te erken, besonder goed in hierdie ontmoeting gevaar. Hulle het 'n situasie met die potensiaal om die stryd groot skade te berokken, netjies hanteer.

Hulle het byvoorbeeld nie daarop aangedring dat daar in 'n tyd van sterk emosies dadelik 'n verklaring uitgereik moet word nie. Die aandrang, onder leiding van dr. Charles Malan, het van die skrywers en letterkundiges gekom.

Ook was hulle geensins onduidelik oor hoe hulle die rol van die skrywers sien nie. "Julle is skrywers. Al wat ons van julle verwag, is dat julle sal skryf." Die boodskap was duidelik.

Toe Marlene van Niekerk in die skrywers se konsep van die verklaring laat inskryf het dat instansies soos die Nasionale Pers, Perskor en die SAUK geboikot moet word, het die ANC dit geïgnoreer en gekom met die teenvoorstel dat almal binne die establishment moet bly werk. Vandaar Antjie Krog se stelling.

Terloops. Toe ek Johan Degenaar,'n top-denker en -filosoof, telefonies vra of hy vir *Insig* oor hierdie boikot sal skryf, was sy antwoord: "Ek het ongelukkig nie die tyd nie, maar dan keur ek die boikot ook nie goed nie." Toe ek dit aan Gerrit Olivier noem, weer eens by *The Blacks*, was sy antwoord: "Maar hy het dit nie dáár gesê nie."

Nog 'n terloops. So van "goedkeuring" gepraat. Hoe gebeur dit dan nou dat André Brink vir Gerrit Olivier en Wilhelm Liebenberg "goedgekeur" het om Harare toe te gaan? Dit ná al die groot argumente, in die openbaar, oor die "noordelike mafia" en Staliniste, soos mnr. Brink met oorgawe geskryf het? Die waarheid is dat Johan Degenaar in Zimbabwe vir André en Gerrit spesiaal vir ete genooi het en gesê het: Stryk hierdie saak nou uit.

'N derde terloops. Voorheen al is in hierdie Dagboek berig hoe Marlene van Niekerk by 'n vergadering passievol uitgeroep het: "Gee my die nuwe parameters en ek sal skryf!" Dít klink nou weer soos Orwell se "Newspeak"!

Na aanleiding van dit alles, iemand herinner my nou die dag aan die hoofstuk "Fuga van die geestelike herbewapening, apartheid en beplanning" in Leroux se *Silbersteins*, en dan spesifiek hierdie paragraaf: " 'n Hele groep het nou 'n Congary gevorm en hulle beweeg al in die rondte tot by 'n sentrale punt. 'Chook-chook!' sing hulle, 'The train to happiness. Off to Hallelujah Boulevard.' "

Iets naverwant, hoe onwaarskynlik dit ook al mag klink, is die opening van Truk se nuwe lokaal, Théâtre Rendezvous, in die Staatsteater. Met vyf lokale in die Staatsteater reeds tot beskikking van 'n hoofsaaklik blanke, middeljarige, middelklasgehoor, kan 'n mens nie anders nie as om die feit te betreur dat 'n kans verbeur is om sy basis te verbreed.

Die nuwe lokaal, hoofsaaklik vir ligte musiek bedoel, is met *Boulevard-Hartstog* van Stephan Bouwer ingewy – 'n program van middeljarige nostalgie wat 'n mens in hierdie dae van opwindende nuwe ontwikkelinge in Suid-Afrikaanse musiek en klaarblyklike veranderinge in die denke van die skeppende mense laat dink Truk raak dalk 'n bietjie uit voeling. Selfs die naam van die lokaal is ietwat pruilmondig vernaam en Europees.

**Volg van bl. 29**

van die tradisionele Afrikaner met tradisionele Afrikaner-ideale in 'n eng geborstrokte Afrikaner-tradisie.

Die Afrikaanse Skrywersgilde het oor die afgelope paar jaar telkemale voelers uitgesteek na anderstalige skrywers en skrywersorganisasies in die land – aanvanklik miskien bitter huiwerig en tentatief, maar hoe later hoe dringender. Ons het egter telkens 'n bloutjie geloop.

Hoewel die gesprek by die Victoria Waterval nie amptelik gesien kan word as 'n ontmoeting tussen die ANC en die Skrywersgilde nie, was dit tog 'n deurbraak in die sin dat soveel Afrikaanse skrywers daar teenwoordig was. Dit is 'n daadwerklike uitvloeisel van die gilde se verklaarde beleid van kontak oor alle kunsmatige grense heen.

Of daar altyd oor alles wat besluit word eenstemmigheid gaan wees of nie, is voorlopig van minder belang. Dat daar gepraat word, al is dit op beskeie skaal, dit is die eerste teken van gesonde verstand.